



NG Kerk
Upington-005

Upington Oos - Nuusbrieff

23 April 2023

Ek is die Lig van die wêreld,

In die lig sien ons die Lig.



09:00 - Formele Erediens in Kerk - Ds. Anton Scholtz

09:15 - Informele Erediens in Saal - Dr. Hennie Pistorius



DATUMS OM TE ONTHOU

Proeaand – 19 Mei 2023

Deurry Spitbraai etes – 23 Junie 2023

Basaar – SATERDAG 29 JULIE 2023

Kerrie en Rys – 30 Augustus 2023

Roadhouse – 8 September 2023

Potjiekos – 27 Oktober 2023

Spitbraai – 24 November 2023



DS. ANTON SCHOLTZ IS VANAF DIE 26 APRIL 2023 TOT 1 MEI 2023 MET VERLOF

AANDAG:

Daar het slaai bakke agter gebly na die steakbraai. Indien u, u bak nog nie op kom tel het nie kan u dit by die kerkkantoor kom kry.

NUWE INTREKKERS en NUWE LIDMATE:

Ons wil net graag seker maak dat ons wel kennis dra van al ons nuwe lidmate en inwoners in ons gemeente. Almal wat deel van ons gemeente geword het en nog nie besoek is nie, kontak asseblief vir Paul Muller, 082 551 2574 OF die kantoor.

In die voorportaal van die kerk en saal is kaartjies en 'n boek. Vul asb.u besonderhede en plaas die kaartjie terug in die bussie. **Baie welkom in ons gemeente!!**

PROE-AAND:

Ons kort nog baie geregte vir ons proe-aand. Indien u bereid is om iets te maak, soet of sout, vra ons dat u asseblief vir die kerkkantoor u naam en u gereg se naam sal laat weet.

Prys: R50 pp

Datum: 19 Mei 2023

Bring eie drinkgoed en glase.

SOLLY'S BEACON OF HOPE SOPKOMBUIS:

Ons benodig sop vir Solly's Soup Kitchen. Daar is droë bestanddele in die saal se vrieskas beskikbaar vir die wat bereid is om sop te maak.

Annalene de Villiers - Sel: 071 949 3826

VROUEFEES – KIMBERLEY- 11 tot 13 AUGUSTUS 2023

Save the Date met Mandi Du Plooy-Baard.

HULP BY KOMMISSIES BENODIG:

Ons benodig nog 'n Sekretaresse vir die Bedieningsondersteuningskommissie om notule tydens die 4 jaarlikse vergaderings te neem.

Kontak die Kerkkantoor indien u bereid is om te help

TEE SKINK DAMES- BEGRAFNIS:

Ons het 'n tee skink groep wat nog 'n paar dames kort. Indien u bereid is om uit te help tydens begrafnisse om tee te skink sal ons dit baie waardeer sodat ons u by die whatsapp groep kan voeg. Op die groep self vra ons wie beskikbaar is om te help en indien u beskikbaar is om te help kan u dit so deurgee.

TE HUUR:

Hospitaalbed en krukke beskikbaar om te huur by die kerkkantoor. Vir verdere inligting skakel die kerkkantoor by 054 338 0378.

Webtuiste en Facebook

Besoek gerus ons Webblad (www.upingtonoos.co.za) en like ons facebook om op hoogte te bly van al ons bedrywighede, asook foto's van aktiwiteite wat plaasgevind het.

Broadcast:

Ons het 'n broadcast groepie gestig om vinnige en dringende boodskap by die hele gemeente uit te kry. "SAVE" asb dié nommer op julle fone, anders gaan jul nie die boodskappe van ons kry nie. 071 742 0970 (moet asb nie bel op die nommer nie. Skakel liever Kerkkantoor 0543380378 of Elna 084 547 9632

INDIEN JY NIE ONS BOODSKAPPE KRY NIE, LAAT WEET GERUS PER WHATSAPP NA DIE BOGENOEMDE SEL NOMMER ASSEBLIEF

LIEF EN LEED: VOORBIDDING:

Hottie Gousard, [Chatrina Steyn](#), Naas Zaiman, [Marie Snyman](#), Anna Engelbrecht, [Chris Van Wyk](#), Berdine Kamfer en [Annatjie Visser](#).

Ons bid dat jul spoedig sal herstel.

GEE ASSEBLIEF NUUS VAN ONS GEMEENTELEDE DEUR AAN DIE KERKKANTOOR. ONS WIL GRAAG LIEF EN LEED MET ALMAL DEEL.



BIDUUR – ELKE DINSDAG TYDENS DIE SKOOLKWARTAAL

Plek: NG Kerk Upington Oos in die Moederkamer

Tyd: 07:30

KOLLEKTE:

Die kollekte by die **deure** gaan vir die **Sekuriteitsheining**. **Oranjehof** bussie is nogsteeds op hul plek



Baie dankie aan ons kalender borg vir APRIL MAAND

SIX APTEEK

Alpha Pharm – Jou eerste stap in gesondheidsorg

Tel: 054 332 4501

Sel: 065 506 0815

E-pos: sixaptee@lantic.net

SCOTTSTRAAT 45, Upington

Jeanne, Jan Louis & Emcè Basson

Gedagte vir die week: Wat is jou motivering vir die lewe?

Uit sy volheid het ons almal'n oorfloed genade ontvang. (Johannes 1:16)

Waarom werk jy, is jy betrokke by sekere instansies, doen jy die dinge wat jy elke dag doen? Ja, wat is jou dryfveer in die lewe? Doen jy dit om ander te beïndruk? Om aansien te geniet? Jouself te bewys? Of word jou motivering in die lewe intern bepaal: soos dat jy daardeur 'n bepaalde tevredenheid en vervulling geniet; dat jy God se wil vir jou lewe ervaar? Dis 'n diep-dink-vraag, want dit bepaal waarop jy jou gedagtes en energie fokus. Die mees bevredigende nuus wat Jesus se koms ons gebring het, is dat ons nie onself voor God hoef te bewys of te regverdig nie. Ons hoef nie iets te doen om sy goedkeuring te geniet nie. Want - in teenstelling met menslike norme - het Hy vir ons 'n alternatiewe manier van leef kom wys. Hy het vir ons kom demonstreer dat Hy 'n God is wat mense vry maak. Sonder dat ons iets besonders hoef te wees, hard hoef te werk, iets moet word, gée Hy eenvoudig Homself vir ons. Hy stort sy liefde oor ons - onverdiend. Hy gee sy vergifnis - onvoorwaardelik. Hy bou vir ons die brug hemel toe - terwyl ons is wat ons is.

Wanneer jy toelaat dat Christus jou Bron van motivering word, word jy vry van selfopgeleide voorwaardes, prestasies en lysiesom-te-doen. Vry van wat ander van jou dink. En dan ... reis jy op die voetpad van vrede.



MAG JOU VERJAARSDAG BAIE SPESIAAL WEES!

Verjaar	Noemnaam	Van	Wyk
23-Apr	Nicole	Coetzee	D11
23-Apr	Liam	Griebenaauw	C12A
23-Apr	Antoinette	Oosthuizen	D09/10
24-Apr	Liena	Botha	A03
24-Apr	Zan��lle	Brink	Ander
24-Apr	Lindie	Van Zyl	D20
25-Apr	Frans	Cronje	C04
25-Apr	Charles	Donald	Skeerberg
25-Apr	Johanco	Engelbrecht	B02
25-Apr	Jo-Marie	Goussard	Skeerberg
25-Apr	Theresa	Hook	B06
25-Apr	Ria	Ludick	Diepklip
25-Apr	Wilmerise	Nel	Uap
25-Apr	Janine	Stasch	D17/18
25-Apr	Feb��	Visser	C05
26-Apr	Anrike	Badenhorst	D06
26-Apr	Willa	Becker	D09/10
26-Apr	Marieta	Booyesen	D14/15
26-Apr	Charel	Smith	Ander
26-Apr	Kate	Van Heerden	Onbekend
26-Apr	Kate	Van Heerden	C05
27-Apr	Ernst	Kilian	Ander
27-Apr	Paul	Pretorius	B02
27-Apr	*Kobus	Van Zyl	C12B
28-Apr	Amelia	Booyesen	Rouxville
28-Apr	Amari	Faber	C13
28-Apr	Hannes	Karsten	Diepklip
28-Apr	Quezette	Myburgh	D12
28-Apr	Cicile	Nel	D04/D05
29-Apr	Cindy	Blunden	
29-Apr	Jennifer	Faber	Ander
29-Apr	Marilise	Schlebusch	B01
29-Apr	Amore	Visser	C13

